higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N370**(A)**(J5)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4

(4110384)

5 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
DAGSORGPERSONEELONTWIKKELING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die kind ontwikkel fisies deur te leer en te speel.

1.1.2 Enige vorm van onderwys buite die gesin, by ’n dagsorg of kleuterskool kan net as aanvullende of komplementêre onderwys beskou word en kan nie ’n verlenging van die huis wees nie.

1.1.3 Effektiewe dagsorgsentrums het nie die bevordering van goeie norme en waardes nodig nie.

1.1.4 Die dagsorgfasiliteerder (*educarer*) se taak is meer ingewikkeld as om net fisiese versorging aan die kind te bied.

1.1.5 ’n Introvert is ’n denker en is geduldig, nie impulsief nie.

1.1.6 Die agenda vir dagsorgsentrumvergaderings behoort geen nuwe sake te bevat nie, byvoorbeeld mosies wat soms woord vir woord weergegee word.

1.1.7 Die eienskappe van gesonde kinders is dieselfde as dié wat die ideale dagsorgfasiliteerder moet openbaar.

1.1.8 Ondergeskiktheid beteken dat iets belangrikers voorgeval het en die konflik dus uitgestel word.

1.1.9 Verdowingsmiddels kan verstandelike agteruitgang, impotensie en steriliteit, gewigsverlies en belangeloosheid veroorsaak.

1.1.10 Die oorsaak van obesiteit is goeie eetgewoontes en genoeg oefeninge.

1.1.11 Die sekretaresse tree as die tesourier op wanneer daar geen tesourier aangestel is nie.

1.1.12 Nie al die finansiële prosedures maak deel van die dagsorgsentrum se grondwet uit nie.

1.1.13 ’n Kongresvergadering bestaan uit klein organisasies, waarvan die lede uit verskillende dorpe en distrikte of van oor die hele land af kom.

1.1.14 Die waarde van oefening is om die verlies van spierweefsel, wat die aktiewe weefsel in die liggaam is, te verhoed.

Kopiereg voorbehou

1.1.15 Ontspanning help jou nie om van jou verantwoordelikhede by die werk te vergeet of om ’n nuwe perspektief op dinge te kry nie.

1.1.16 Aanpasbaarheid beteken dat mense en verhoudings veranderlik is.

1.1.17 Die voltooiing van vorms is die vertrekpunt van administrasie.

1.1.18 Voordat die nagereg voorgesit word, mag daar geen eetgerei op die tafel oorbly nie; slegs waterglase.

1.1.19 Die waarde van ’n aansoekvorm wat by ’n dagsorgsentrum ingedien word, is om ’n duidelike aanduiding van ’n kind se swakhede en sterkpunte te verkry.

1.1.20 Blomme op ’n tafel behoort nie hoër as 50 cm vanaf die tafeloppervlak te wees nie.

(20 × 1) (20)

1.2 Gee EEN of TWEE woorde vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 ’n Persoon se unieke eienskappe en hoedanighede

1.2.2 Wanneer geld betaal word om koste laag te hou

1.2.3 ’n Plek waarby daar na klein kindertjies gekyk word

1.2.4 Die kleinste aantal mense wat by ’n vergadering teenwoordig moet wees om met die verrigtinge te kan begin en besluite te kan neem

1.2.5 Werkende moeders en enkelouers maak hoofsaaklik van een van hierdie instellings gebruik

1.2.6 Waar ’n verskeidenheid voorwerpe, wat ontwerp is om fisiese koördinasie, bemeestering en probleemoplossingsvaardighede te versterk, geberg word

1.2.7 Hierdie soort beplanning staan as gesamentlike beplanning bekend

1.2.8 Vereis dat iets gereeld en akkuraat gedoen moet word, byvoorbeeld finansiële administrasie

1.2.9 Slegs die persone wat lede van hierdie komitee is, mag by daardie komiteevergadering teenwoordig wees

1.2.10 Smeer die broodjies of broodrolletjies vooraf om dit makliker vir mense te maak om hulle self by hierdie tafel te bedien

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Servette	A	die behoefte by ’n persoon om sy/haar hoogste doel te bereik
1.3.2	Tesourier	B	mag nie wys nie aangesien dit net gebruik word om die klank te demp wanneer staaltafels gebruik word of om houttafels teen dit hitte te beskerm
1.3.3	Formele vergadering	C	bied ’n verslag oor die sentrum se finansiële behoeftes en posisie aan
1.3.4	Selfverwesenliking	D	behoorlike notules word van elke vergadering gehou
1.3.5	Demperkleed (*silence cloth*)	E	hierdie artikels moet by ’n formele funksie verkieslik van dieselfde materiaal as dié van die tafeldoek gemaak wees
1.3.6	Kworum	F	die belangrikste deel van die administrasie aangesien dit sigbaar of fisies is
1.3.7	Boekhouding	G	tree namens die meeste lede by ’n vergadering op, wanneer nodig
1.3.8	Sekretaresse	H	’n tydelike komitee wat vir ’n spesifieke doel gekies word en ontbind wanneer die doel daarvan bereik is
1.3.9	Voorsitter	I	die kleinste aantal mense wat by ’n vergadering teenwoordig moet wees om met die verrigtinge te kan begin en besluite te kan neem
1.3.10	Ad hoc-komitee	J	sien toe dat alle korrespondensie van ’n komitee bygewerk is en geliasseer word
		K	om ’n breuk te neem voordat al die items op die agenda bespreek is

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beskryf/bespreek die volgende kortliks:

2.1.1 Die rol van dagsorgsentrums in die Suid-Afrikaanse gemeenskap (5)

2.1.2 Speelgroepe (5)

2.1.3 Die doelwitte van remediërende werk in ’n dagsorgsentrum (4)

2.1.4 Die basiese vereistes vir bergingsfasiliteite vir kinders van drie jaar en ouer (6)

2.1.5 Die rede dat ouers aanvullende sorg vir hul kinders nodig het (3)

2.2 Die doelwit van ’n effektiewe dagsorgsentrum is om die kind in sy/haar totaliteit te ontwikkel.

Dui nog SEWE doelwitte van ’n effektiewe dagsorgsentrum aan. (7)

2.3 Bespreek kortliks SEWE leeraktiwiteitsareas van voorskoolse kinders (3–6 jaar oud), met verwysing na die toerusting. (7 × 2) (14)

2.4 Noem SES faktore wat in aanmerking geneem moet word wanneer ’n dagsorgprogram beplan word. (6)
[50]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die rol wat die dagsorgfasiliteerder moet vertolk in elkeen van die volgende stadiums wanneer ’n vergadering beplan is:

3.1.1 Voor die vergadering

3.1.2 Tydens die vergadering

3.1.3 Ná die vergadering

(3 × 5) (15)

3.2 Noem en bespreek die VIER soorte private vergaderings wat by ’n dagsorgsentrum gehou kan word. (4 × 2) (8)

3.3 Noem VYF eienskappe van ’n persoon met ’n swak selfbeeld. (5)

3.4 Bespreek kortliks die uitwerking van alkoholmisbruik deur die volgende opskrifte te gebruik:

3.4.1 Emosionele uitwerking

Kopiereg voorbehou

3.4.2 Uitwerking op die sosiale lewe

3.4.3 Fisieke uitwerking

(3 × 4) (12)

3.5 Die voedselpiramide is algemeen aanvaar as riglyn om te bepaal hoeveel kos uit elke voedselgroep 'n volwassene moet eet.

Noem die VYF voedselgroepe en gee 'n voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die faktore in die omgewing wat 'n rol in 'n mens se ontwikkeling speel om van hom/haar 'n unieke wese te maak en gebruik die volgende opskrifte:

4.1.1 Kultuur (4)

4.1.2 Milieu (3)

4.1.3 Belangstellings (3)

4.1.4 Aanleg (4)

4.1.5 Liggaamlike voorkoms (2)

4.1.6 Onderwys (4)

4.2 4.2.1 Noem die VYF verskillende soorte onderhoude. (5)

4.2.2 Verduidelik die opvolgprosedures vir elke onderhoud. (5)

4.3 4.3.1 Gee 'n definisie van *spanwerk*. (2)

4.3.2 Dui die VYF verantwoordelikhede aan wat dagsorgsentrumkollegas tydens spanwerk teenoor mekaar moet openbaar. (5)

4.4 Beskryf die volgende soorte funksies wat aangebied kan word:

4.4.1 Formele onthaal

4.4.2 Kaas-en-wyn-partytjie

(2 × 4) (8)

4.5 Bespreek die beplanning, voorbereiding en organisering van 'n skemerkelkparty. (5)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou